

### *Is liefde blind?*

Die liefde is nie blind nie. Die persoon wat dit gesê het, was niemand minder nie as Paulus. Want al was Paulus 'n oujongkêrel, het by baie waar dinge van die liefde gesê. Hy het immers ook die bekende 1 Korintiërs 13 geskryf. Paulus bid in vers 9 en 10: "Ek bid dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom". Hy bid dus om liefde wat kan onderskei wat belangrik is en wat nie, wat reg is en wat nie. Die ou spreekwoord dat liefde blind is, is 'n spottende onwaarheid. Liefde is juis nie blind nie, maar laat 'n mens alles helder en in perspektief sien. Die liefde kyk met oop oë na alles - oë wat nie vertroebel is deur jaloesie of haat nie, oë wat nie versluier is weens angst of wanhoop nie, oë wat nie verduister is deur die donkerbril van selfsug nie.

Liefde leer 'n mens om dié dinge te onderskei wat werklik van belang is. Die liefde verskerp dus die uitkyk, dit verhelder die verstand en verfyn jou waarnemings en gewaarwordinge. Wanneer jy iemand liefhet, sien jy immers dadelik raak of so iemand gelukkig is of nie.

Liefde laat 'n mens weer 'n keer kyk om te verseker jy het reg gesien. Met sulke skerpsienende en sensitiewe oë waaruit liefde straal, moet ons vandag en elke dag almal en alles bekyk. Dan sal ons in ons vreugde en teëspoed ook God se liefde bespeur. Dan sal ons in die verwarrende wêreldgebeure God se raadsplan sien ontvou, en te midde van baie probleme tog God se regterhand bemerk wat sterk is. Dan sal ons, terwyl ons kruisdra, Jesus Christus sien wat vir ons die las gedra het. Dan sal ons ook die behoeftes en nood van ons naastes raaksien. Dan sal ons vandag as 'n geleentheid beskou om tot eer van God en tot seën van ons naaste te lewe.